## VRAAG 1

1.1.1 D✓ *Onthou, maklik* (V p 182, S p 201) (1)
1.1.2 C✓ *Verstaan, maklik* (V p 174, S p 193 ) (1)
1.1.3 B✓ *Onthou, maklik* (V p 71 , S p 77) (1)
1.1.4 D✓ *Onthou, maklik* (V p 83, S p 98) (1)
1.1.5 D✓ *Onthou, matig* (V p 79, S p 73) (1)
1.1.6 B✓ *Verstaan, maklik* (V p 84, S p 100) (1)
1.1.7 A✓ *Toepassing, matig* (V p 74, S p 184-185) (1)
1.1.8 B✓ *Toepassing, maklik* (V p 49, S p 48-49) (1)
1.1.9 B✓ *Toepassing, matig* (Graad 11) (1)
1.1.10 A✓ *Onthou, maklik* (V p 125, S p 142) (1)
1.1.11 A✓ *Onthou, maklik* (V p 126, S p 146) (1)
1.1.12 C✓ *Onthou, maklik* (V p 133, S p 155) (1)
1.1.13 D✓ *Verstaan, maklik* (V p 127, S p 145) (1)
1.1.14 C/D✓ *Verstaan, matig* (V p 122, S p 140) (1)
1.1.15 D✓ *Onthou, maklik* (V p 36, S p 35) (1)
1.1.16 A✓ *Onthou, maklik* (V p 16, S p 15) (1)
1.1.17 A✓ *Verstaan, matig (V p 15 , S p 21)* (1)
1.1.18 C✓ *Verstaan, matig (V p 11, S p 35)* (1)
1.1.19 D✓ *Verstaan, matig* (V p 20, S p 24) (1)
1.1.20 B✓ *Verstaan, matig* (V p 30, S p 30) (1)

1.2.1 ekovriendelik✓ (V p 61, S p 66) (1)
1.2.2 lae✓ (V p 62, S p 68) (1)
1.2.3 vlooimarkte✓ (V p 64, S p 72) (1)
1.2.4 hernubare✓ (V p 61, S p 67) (1)
[4]

*Onthou, maklik*

1.3.1 hipoglukemie/lae bloed glukose/diabetes✓(NIE NET LAE BLOED) (S p 79) (1)
1.3.2 anorexia (nervosa)✓ (V p 82, S p 94) (1)
1.3.3 arteriosklerose/koronêre hartsiekies✓ (V p 74, S p 83) (1)
1.3.4 (voedsel-) allergie✓ (V p 79, S p 92) (1)
1.3.5 bulimia✓ (V p 82, S p 95) (1)
1.3.6 Celiac se siekte/glutenintoleransie/glutensensitiewe enteropatie✓ (V p 80, S p 93-94) (1)
[6]

*Onthou, matig*

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.4.1 D✓ (1)
1.4.2 F✓ (1)
1.4.3 B✓ (1)
1.4.4 G✓ (1)
1.4.5 C✓ (1)
[5]

*Verstaan, matig* (V p 163 – 164, S p 180-183)

1.5 B✓
C✓
E✓
F✓
J✓ (in enige volgorde) (5)

*Verstaan, matig* (V p 11, S p 10-12)
[40]

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 2.1.1 Definieer Grysgoedere

- Grysgoedere is goedere wat in die land ingevoer is✓deur nie-amptelike/ongemagtig verspreidingskanale.✓
- Grysgoedere is items wat 'n vervaardiger nie in 'n spesifieke land verkoop wil hê nie✓, maar wat daar beland deur nie-amptelike verspreidingskanale.✓
- Grysgoedere is nie onwettig nie/hulle word wettiglik ingevoer✓en belasting word daarop betaal maar hulle word nie deur goedgekeurde besighede verkoop nie. ✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (V p 158, S p 176)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

2.1.2 Definieer Swendelary

- 'n Swendelskema is 'n oneerlike skema.✓ Dit sluit gewoonlik 'n niksvermoedende verbruiker in wat op 'n oneerlike manier oorreed word om 'n buitensporige prys te betaal vir die goedere of dienste wat aangebied word.✓ In menige gevalle, is daar nie werklike goedere of dienste wat aangebied word nie.✓
- Swendelskemas is valse/bedrog besigheidsooreenkomste ✓ wat dikwels gekoppel word aan georganiseerde misdaad✓

(Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (V p 161, S p 176)

2.2 Noem DRIE voordele van sonenergie.

- Sonenergie is skoon, veroorsaak nie besoedeling nie/eko-vriendelik. ✓
- Dit is 'n hernubare energie. ✓
- Kan goed funksioneer in bykans enige klimaat. ✓
- Nadat aanvanklike belegging terugbetaal is, kos die energie byna niks nie.✓
- Geen geraasbesoedeling nie. ✓
- Vervaardigers bied vrywarings van 20 jaar op hul produk. ✓
- Die staat gee aansporings om installasiekoste te verminder. ✓
- Sonenergie verwarmers gebruik die son om water te verhit, ✓ wat die behoefte aan elektrisiteit/gas verminder. ✓
- Sonenergie verwarmers verhit water selfs as daar 'n kragonderbreking is. ✓ (3)

(Enige 3)

*Onthou, maklik* (V p 191, S p 170)

2.3 2.3.1 Noem die Wet waaraan wettige stokvels moet voldoen om regverdige besigheidspraktyke te verseker.

- Nasionale Kredietwet✓ (1)

*Onthou, maklik* (V 161 p, S p 178)

2.3.2 Haal 'n sin aan uit die uit die scenario wat aandui dat hierdie stokvel wettig is.

- '... waarin alle lede weet hoe die geld belê is.'✓ (1)

*Verstaan, matig* (V p 161, S p 178)

2.3.3 Verduidelik hoe lidmaatskap aan die stokvel vir Lindy bevoordeel het toe sy haar yskas gekoop het.

- Lindy het subskripsie betaal/bygedra✓ om 'n deurlopende poel geld tot stand te bring/Die stokvel het haar forseer om te spaar toe sy geld verdien het.✓
- Sy het in die winste/rente van die stokvelklub gedeel.✓
- Sy kon geld ontvang toe sy dit nodig gehad het/vir 'n noodgeval.✓
- Die stokvelgeld het dit moontlik gemaak dat sy kontant vir die yskas kon betaal.✓
- Daar was geen ekstra koste/rente✓nie omdat sy kontant betaal het.
- Sy kon moontlik vir 'n kontantafslag vra✓, wat die yskas goedkoper kon gemaak het. (Enige 4) (4)

*Verstaan, moeilik* (V p 161, S p 177-178)

2.3.4 Hoe die waarborg wat Lindy ontvang het toe sy die yskas gekoop het, tot haar voordeel sal strek.

- 'n Waarborg is 'n geskrewe belofte dat die kwaliteit/ duursaamheid van 'n produk/diens aan sekere standaarde sal voldoen.✓
- Indien die produk/diens nie aan die standaarde voldoen nie, sal die geld wat daarvoor betaal was, teruggee word✓of die koelkas sal vervang/reggemaak word.✓/Die vervaardiger sal die probleme oplos. ✓
- Die waarborg dek die produk vir 'n vasgestelde tydperk/op die lange duur sal sy geld spaar indien die koelkas binne die bepaalde tydperk breek.✓ (Enige 3) (3)

*Toepassing, matig* (V p 158, S p 175)

2.3.5 Skryf 'n paragraaf om die drastiese prysverhoging van die yskas te verduidelik.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Die rede vir die prysverhoging is inflasie.✓ Stakende werkers het 'n verlies van geld veroorsaak as gevolg van verlore werksure.✓ Minder vlekvrye staal was geproduseer.✓Meer vlekvrye staal kon ingevoer wees wat die staal se prys verhoog het/invoerbelasting moes betaal word.✓Die devaluasie van die rand kon die prysverhoging veroorsaak het.✓Die maatskappy moes die vlekvrye staal se prys verhoog om op te maak vir die geld verlies.✓ Die maatskappy moes die vlekvrye staal se prys verhoog om die salarisverhoging te dek.✓ Die hoër vlekvryestaalpryse het tot verhoging in die prys van verbruikersgoedere/yskas gelei.✓
Die prys van elektrisiteit✓ en brandstof✓ mag verhoog het en dit verhoog die vervaardigings/produksiekoste✓ sowel as vervoerkoste✓ (Enige 4) (4)

**LET WEL:** Leerders verloor EEN punt indien die antwoord nie in 'n paragraaf geskryf is nie. **[20]**

*Analiseer, moeilik* (V p 146, S p 185)

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Gee DRIE redes vir die gebruik van byvoegings in voedsel.

- Om die smaak/geur te verbeter✓
- Om die tekstuur/emulsifisering/stabilisering/verdikking te verbeter✓
- Om die voorkoms/kleur te verbeter/Maak die voedsel meer aantreklik ✓
- Om die veiligheid is stand te hou/verbeter✓
- Om die varsheid/houvermoë/raklewe te verbeter✓
- Om die voedingswaarde van die voedsel te verbeter/onderhou.✓
- Om te help in die prosessering/voorbereiding van voedsel.✓ (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik* (V p 92, S p 110)

3.2 Verduidelik hoe voedselbestraling openbare gesondheid beïnvloed.

- Bestraling skakel die hoeveelheid patogeniese bakterieë/ skadelike organismes/ insekte/ mikroörganismes/ ensieme✓daarom maak dit voedsel veiliger/varser vir menslike gebruik.✓
- Verminder die behoefte vir preserveermiddels✓/wat moontlik 'n skadelike uitwerking op verbruikers mag hê. ✓ (Enige 2) (2)

*Analiseer, matig* (V p 105, S p 127)

3.3 3.3.1 Gee VIER redes waarom die leerders met E. coli besmet is.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

- Daar was swak sanitasie/leerders het die veld gebruik vir toilette.✓
- Skep van water by riviere om hande deeglik te was, weens 'n gebrek aan skoon water/mense het nie hul hande gewas nadat hulle die toilet gebruik het nie/ voordat hulle voedsel voorberei het nie/ nadat die koeie gemelk was.✓
- Leerders het geswem/gebad/van die besmette water uit die rivier/dam/nie behandelde water gedrink.✓
- Die groente wat leerders gekoop het, kon met besmette water/was besmet met diere uitskeiding/ faeces. ✓
- Die spinasie/kool/groente is nie voor gebruik gewas nie. ✓
- Die voedsel was nie goed gaar gemaak nie.✓
- Hulle was blootgestel aan rou/ ongepasteuriseerde/nie steriele melk /hulle het die melk gedrink.✓
- Inwoners van die dorp word gegroet deur hand te skud. Dit veroorsaak persoon-tot-persoon-kontak wat lei tot oordrag van die siekte. ✓ (Enige 4) (4)

LET WEL: Merk slegs die eerste vier redes

*Verstaan, matig* (V p 90, S p 106)

3.3.2 Bespreek die behandeling van E-coli-besmetting.

- Daar is geen spesiale behandeling nie, ✓ behalwe drink genoeg goeie kwaliteit water/vloeistof✓om ontwatering te voorkom/om die vloeistof wat verlore gegaan tydens diarree en braking te vervang. ✓
- Die beste benadering is genoeg rus. ✓
- Moenie anti-diarree medikasie neem nie✓die liggaam moet ontslae raak van die E. coli-bakterieë. ✓
- Pasiënte wat <u>baie</u> siek is, moet gehospitaliseer✓ word om vloeistof deur binneaarse voeding te ontvang. ✓ (Enige 4) (4)

*Onthou, matig* (V p 91, S p 107)

3.4 3.4.1 Gee 'n rede waarom osteoporose as die 'stille siekte' bekend staan.

- Daar is geen waarskuwingstekens/pyne/simptome ✓vir osteoporose nie.
- Die meeste mense raak eers bewus dat hulle die siekte het wanneer hulle die eerste beenfraktuur ervaar/nadat hulle ondersoek/geskandeer is. ✓ (Enige 1) (1)

*Verstaan, matig* (V p 75, S p 89)

3.4.2 Verduidelik waarom osteoporose tot beenfrakture lei.

- Osteoporose kom voor wanneer kalsium vinniger verlore gaan/uit die been onttrek word/teen 'n vinniger tempo onttrek word as wat dit vervang word.✓
- Die bene word kleiner/ dunner/ minder dig/ poreus/ broos/ bros/ swak✓ en dit veroorsaak dat hulle maklik breek/fraktuur. (2)

*Verstaan, matig* (V p 75, S p 89)

3.4.3 Skryf 'n paragraaf oor hoe osteoporose in jong volwassenes voorkom kan word deur die inname van:
(a) Kalsium
(b) Vitamiene en minerale
(c) Proteïene

(a) Neem genoeg/meer kalsium✓ in omdat kalsium die bene versterk/ beenmassa/ beendigtheid verhoog/ ouderdomverwante beenverlies vertraag.✓ Neem baie/ 2–2½ porsies/ 500mg laevet-/ vetvrye melk en melkprodukte daagliks in✓omdat melk die beste bron van kalsium is.✓Groen blaar groente/"pilchards" (pelsers)/ sardiens/ vis met bene omdat dit kalsium bevat. Neem kalsiumaanvulling wanneer die dieetinname nie aan die vereistes voldoen nie.✓ (Enige 2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

(b) Fosfor word benodig✓ om die absorpsie van kalsium uit die spysverteringstelsel aan te moedig.✓ Genoegsame inname van fluoried/water waarby fluoried gevoeg is✓, kan help om osteoporose te voorkom. Verseker genoegsame inname van vitamien D.✓ Vitamien D is belangrik vir kalsium-absorpsie/kalsium word opgeneem in die been.✓Vitamien D word verkry in olierige vis (salm/ pelsers/ tuna/ sardyne)/verrykte margarien/ melkprodukte✓ Neem genoeg vitamien C✓ omdat dit nodig is vir normale kollageensintese.✓ vars vrugte en groente is goeie bronne van Vitamien C. ✓ (Enige 2)

(c) Moenie te veel proteïenryke voedsel eet nie✓omdat die liggaam sure in die bloedstroom vrystel wanneer dit proteïen verteer en dan kalsium uit die bene onttrek om die sure te neutraliseer. ✓
Proteïene is nodig vir kollageen sintese om die bene te versterk. ✓
Proteïene versterk die spiere wat die bene ondersteun.✓
Goeie bronne van proteïene is vleis en – alternatiewe (eiers/vis/peulgroente/ neute) / melk en –produkte. ✓ (Enige 2) (6)

**LET WEL:** Leerders verloor EEN punt indien die antwoord nie in 'n paragraaf geskryf is nie.'n Maksimum van 2 punte vir (a), (b) en (c).

*Verstaan, matig* (V p 75-76, S p 89- 90)

3.5 3.5.1 Definieer die term *voedselsekuriteit.*

Voedselsekerheid is die vermoë van individue om genoeg✓ voedsel en veilige, voedsame voedsel✓ te alle tye op 'n daaglikse basis✓om 'n gesonde en aktiewe lewe te lei✓ .(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik* (V p 106, S p 129)

3.5.2 Gee redes waarom meer vroulike deelnemers aan ystertekort-anemie gely het.

- Mense wat nie voedselsekerheid het nie, eet nie genoeg voedsel nie/verdien nie genoeg geld vir voedsel/ kan nie ysterryke voedsel bekostig nie✓en daarom het hulle 'n gebrek aan yster in hul diëte.✓
- Oor die algemeen eet vroue minder/ kleiner porsies ysterryke voedsel soos vleis. ✓
- Sekere moeders/ vroue verseker dat kinders/ gesinne/ mans eerste eet tot nadeel van hul eie gesondheid/ voeding. ✓
- Seuns kry soms meer voedsel as dogters. ✓
- Baie vroue volg verslankingsdiëte en eet dan nie genoeg ysterryke voedsel nie.✓
- Vroue verloor bloed tydens menstruasie✓en die klein hoeveelheid voedsel beskikbaar mag nie genoeg wees om die ysterverlies tydens menstruasie te vervang nie.✓
- Meer yster word benodig tydens swangerskap✓en die hoeveelheid yster in die dieet mag nie genoeg wees nie. ✓
- Geen/min vars vrugte of groente wat vitamien C✓ voorsien vir yster-absorpsie✓ is beskikbaar nie. (Enige 5) (5)

*Analiseer, moeilik* (V p 76, 110, S p 76, 91)

3.6 3.6.1 Identifiseer TWEE algemene allergene wat in die beskuit voorkom.

- Koring (meel) /koring semels✓
- Beesmelk/karringmelk✓
- Eiers✓
- Sonneblomsade✓
- Lynsaad✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (V p 97, S p 92)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

3.6.2 Evalueer die geskiktheid van die beskuit vir 'n persoon met diabetes.

- Die produk het 'n hoë koolhidraatinhoud✓ wat nie goed is vir diabete nie omdat dit die bloedglukosevlak laat styg.✓
- Die produk is hoog in vet/versadigde vet/botter/karringmelk/eiers✓wat nadelig/nie goed is vir diabete nie✓ omdat diabete meer vatbaar is vir hartsiektes.✓
- Die matige natrium inhoud kan lei tot hipertensie. ✓

- Die produk sal waarskynlik 'n lae/matige GI hê omdat dit 'n lae suikerinhoud en 'n hoë veselinhoud✓ bevat. Hawer het 'n lae GI✓ en vesel het 'n lae GI.✓ Dit beteken dat glukose stadig in die bloedstroom vrygestel word✓ wat goed is vir diabete omdat groot wisseling in bloedglukose voorkom. ✓
- Die produk bevat Xylitol/'n kunsmatige versoeter en dit is geskik vir 'n diabeet. ✓
- Die veselinhoud is redelik hoog en daarom sal dit voordelig wees vir 'n persoon met tipe 2 diabetes. ✓
- Hawer bevat oplosbare vesel✓ wat cholesterolvlakke verlaag omdat diabete meer geneig is om koronêre hartvatsiektes te ontwikkel.✓
- Koringsemels bevat onoplosbare vesel✓ wat cholesterolvlakke verlaag✓
- Hierdie produk bevat 'n matige proteïeninhoud✓in die eiers en karringmelk wat onnodige stres op die niere sal voorkom✓ en dit bou weefsels ✓ (Enige 7)

Gevolgtrekking:

- Die produk is geskik.✓ Matige hoeveelhede van die produk behoort geëet te word.✓ (8)

(Enige 1)

**LET WEL:** Leerders moet positiewe en negatiewe punte noem en dan 'n gevolgtrekking maak.

*Evaluering, moeilik* (V p 72, S p 80) **[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Beskryf elk van die volgende stadia van die modesiklus.

4.1.1 **Bekendstelling/Begin**
Die mode word vir die eerste maal bekend gestel✓bekende persoonlikhede wat die neiging✓ dra, word afgeneem/Modeleiers aanvaar of verwerp die mode/voordat enige iemand dit dra✓
(Enige 2) (2)

4.1.2 **Hoogtepunt/Piek**
Die mode bereik 'n hoogtepunt/baie populêr/baie mense dra dit✓. Massaproduksie vind plaas✓dit word deur klerewinkels/ in vensteruitstallings✓ geadverteer (Enige 2) (2)

4.1.3 **Veroudering/Einde**
Kledingstukke raak uit die mode/ verdwyn /verkoop op uitverkoping/ verouderd.✓ Modesiklus is voltooi✓'n nuwe modeneiging is reeds gevestig.✓ (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (V p 50, S p 50)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.2 Beskryf die term 'retrospektiewe mode' deur na die inligting in die uittreksel te verwys.

- Retrospektiewe modes verwys na klere wat die styl van 'n vorige era naboots.✓
- Mode kry inspirasie van vorige modes✓, maar dit word altyd met 'n moderne inslag geïnterpreteer/style keer nooit presies dieselfde terug nie,/ hulle word verander om by die behoeftes en lewenstyl van die huidige era aan te pas.✓
- In hierdie uittreksel is die pastel-/neonkleure✓van die 1980's✓ terug in die mode.

(Enige 2) (2)

**LET WEL:** Leerders moet verwys na die inligting uit die uittreksel om al die punte te kry. Die leerders moet verwys na pastel-/neon kleure van die 1980s, anders word net EEN punt toegeken

*Verstaan, matig* (V p 51, S p 53)

4.3 Verduidelik hoe aankope by tweedehandse winkels of motorhuis-verkope bydra tot die volhoubaarheid van die omgewing.

- Klere wat die eienaar nie meer wil hê nie, word nie weggegooi nie;✓ dit word weer verkoop/ hergebruik/ herwin. ✓
- Afval word verminder✓ dus word minder grond as stortingsterreine gebruik.✓
- Dit verminder die hoeveelheid nuwe tekstielstowwe/ klere wat nuut geproduseer moet word✓ en sodoende verminder dit besoedeling/ koolstof voetspoor. ✓
- Die gebruik van water/ elektrisiteit✓ vir vervaardiging word verminder en het dis 'n positiewe uitwerking op die omgewing. ✓ (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig* (V p 62-63, S p 68)

4.4 4.4.1 Optiese illusie wat deur lyne op die rok hemp geskep word.

- Die horisontale lyne/strepe op die rok skep die optiese illusie dat die vrou korter/breër is.✓
- Die lyne met die wit/grys/ligte agtergrond (van heup tot buuste) skep 'n illusie van breedte.✓
- Die lyne met die donker (vlootblou) agtergrond laat die heupe slanker vertoon.✓
- Die vertikale lyne/strepe op die hemp skep die optiese illusie dat die man langer/skraler is✓ (2)

*Toepassing, maklik* (V p 57, S p 59)

4.4.2 Evalueer die geskiktheid van die rok OF die hemp as items in 'n basiese werksklerekas vir 'n man of vrou.

Rok:

- Meng en pas nie so maklik soos 'n broek/romp en hemp/bloese nie/nie so veelsydig soos 'n romp/broek en hemp/bloese nie.✓
- Die lengte/ontwerp is geskik/toepaslik/nie te ontblotend nie.✓
- Die kleure is geskik✓ vir 'n basiese klerekas omdat dit gemeng-pas kan word✓met 'n vlootblou/swart/grys trui of baadjie ✓
- Die ontwerp van die rok is professioneel/ mense sal jou ernstig opneem. ✓
- Die ¾-mou is veelsydig omdat dit in die somer of in die winter met 'n trui/baadjie gedra kan word.✓
- Breistof is gemaklik om te dra✓; dit kreukel nie/vertoon netjies.✓

(Enige 5) (5)

**Gevolgtrekking:** Dit is geskik✓ omdat die rok professioneel vertoon/ 'n professionele voorkoms skep.
Dit is nie geskik nie✓ omdat die rok nie so veelsydig is nie.
Nie geskik✓ vir die vol figuur nie omdat die breistof moontlik te styf sal sit en die vol figuur beklemtoon word /die horisontale strepe is nie geskik vir die voller figuur nie.✓ (1)
(Enige 1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**OF**

Hemp:

- Kleure is interessant✓
- Kleure kan gemeng en gepas word met ander kleure✓ soos blou, swart en steenkleur✓
- Ontwerp van hemp is geskik/formeel✓
- Die ontwerp van die hemp is professioneel/ mense sal jou ernstig opneem. ✓
- Kan winter of somer gedra word.✓
- Katoenkleedstof is gemaklik om te dra /absorbeer vog/ hou jou koel in die somer.✓
- Die hemp sal formeel vertoon as dit met 'n das gedra word✓ en sal informeel vertoon as dit sonder die das gedra word.✓
- Die kleure mag dalk te informeel wees.✓ (Enige 5) (5)

**Gevolgtrekking:** Dit is geskik✓ omdat die hemp professioneel vertoon/ professionele voorkoms✓
Dit is nie geskik nie✓ omdat die kleure te informeel is.
Die kleure van die strepe beperk die keuse van 'n das.✓ (Enige 1)
**LET WEL:** MOENIE punte toeken as leerder slegs skryf 'dit is geskik' NIE. Merk die eerste opsie indien leerders beide skryf. (1)
**[20]**

*Evaluering, moeilik* (V p 57, S p 63)

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 5.1.1 Identifiseer en verduidelik die tipe huiseienaarskap vir:

(a) Die verhuurder.

- Deeltiteleienaarskap✓ (1)
- Die eienaar besit 'n eenheid/gedeelte van die gebou ✓ en onderverhuur dit aan Yaseem en Alyna.
- Die eienaar/deeltitelhouer besit ook 'n aandeel in die algemene eiendom✓ insluitend hysbakke/gange/trappe/tuin en swembad.✓ (Enige 2) (2)

*(1 punt vir tipe eienaarskap en 2 punte vir verduideliking)*

*Onthou (1), Verstaan (2), maklik* (V p 122, S p 104)

(b) Die paartjie as hulle by die huis intrek wat hulle bou.

- Voltitel/enkeltitel eienaarskap✓ (1)
- Die paartjie is die wettige eienaars✓ van die hele eiendom/erf✓ en al die strukture✓ daarop. (Enige 2)

*(1 punt vir tipe eienaarskap en 2 punte vir die verduideliking)* (2)

*Onthou (1), Verstaan (2), maklik* (V p 121, S p 169)

5.1.2 Bespreek die tipe kontrak wat die paartjie geteken het toe hulle in die eenheid ingetrek het.

- Dit is 'n (wettige) huurooreenkoms✓ tussen die eienaar van die eiendom✓en 'n huurder/die paartjie✓ **OF** tussen beide partye✓ in die huurooreenkoms.✓
- Die huurooreenkoms gee die paartjie sekere wettige regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die eiendom vir die tydperk wat hulle dit huur.✓
- Die paartjie verbind hulself deur die huurooreenkoms om die eiendom vir 'n bepaalde tyd✓ teen 'n vasgestelde bedrag te huur.✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan (3), maklik* (V p 152, S p 169)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

5.1.3 Verwys na die scenario en bespreek die voordele van 'n eie huis bou vir die paartjie.

- Hulle kan hul droomhuis bou waarvan die waarde mettertyd sal verhoog/is 'n belegging.✓
- Hulle kan hul kreatiwiteit gebruik om 'n huis te ontwerp wat by hul behoeftes/smaak sal pas.✓
- Om self die huis te bou sal bevrediging verskaf.✓
- Hulle kan die uitbreidings bou om by hul behoeftes te pas, bv. meer slaapkamers.✓
- Yaseem is 'n nutsman en kan die nuutste tegnologie insluit/kan help met die installering van die afwerking/ toebehore.✓
- Yaseem ontwerp tuine en kan hul tuin self uitlê/ontwerp.✓
- Die huis kan volgens hul eie skedule voltooi word, want hulle het 'n plek/woonstel/eenheid om in te woon.✓
- Indien hul geld min raak, kan hulle die bouwerk stop ✓ omdat hulle 'n woonstel/eenheid het waarin hulle woon.
- Yaseem kan 'n ogie hou oor die bouery en dit sal geld bespaar.✓ (Enige 4)

**LET WEL:** GEEN punte word toegeken as leerders nie na die scenario verwys NIE. (4)

*Toepassing, matig* (V p 121, S p 138)

5.1.4 Kies die tipe rentekoers wat die beste keuse sal wees om in die paartjie se behoeftes te voldoen en motiveer jou keuse.

Vasgestelde rentekoers ✓

- 'n Goeie opsie vir hulle omdat hulle 'n vaste inkomste het✓ en moontlik lank in die huis sal bly.✓
- Indien die rentekoers styg, sal hul verbandpaaiement nie meer word nie/hoef hulle nie meer te betaal nie.✓
- Die rentekoers bly dieselfde/hul verbandpaaiement bly dieselfde/hulle sal binne hul begroting kan bly.✓

**OF**

Wisselende rentekoers ✓

- Met 'n wisselende rentekoers sal hulle van tyd tot tyd verskillende bedrae moet betaal✓/hul verbandpaaiement word meer as die rentekoers styg ✓minder as dit daal en hulle sal dus geld spaar. ✓

(Enige 4) (4)

*Verstaan, matig* (V p 161, S p 183-184)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PUBLIC EXAMINATIONS

5.1.5 Bespreek die tipe behuisingsubsidie/-ondersteuning waarvoor Yaseem kwalifiseer

- Hy kwalifseer vir 'n staatswerknemer maandelikse toelaag/subsidie. ✓
- Hy kwalifiseer omdat hy permanente/voltydse werker van die staat is. ✓
- Hy moet in die huis woon en dit nie uitverhuur nie. ✓
- Die staat/werknemer trek die verbandbetalings direk van Yaseem se salaris af. ✓
- Die bedrag van die subsidie word deur die werkgewer/staat bereken.✓
- Dit sal hom help om die maandelikse paaiement op die eiendom wat hy bou, te betaal.✓
- Dit kan 'n deel van die rente op Yaseem se huislening subsidieer.✓
- Dit kan 'n waarborg bied vir Yaseem se lening.✓
- Dit kan hom help om sy pensioen of voorsorgfonds as kollateraal vir 'n lening aan te bied. ✓

(Enige 3)

*Verstaan, maklik* (V p 132, S p 150) (3)

5.2 Noem VIER universele ontwerpkenmerke wat op enige moderne wasmasjien behoort te verskyn.

- Vertoning van dialoog met maklike leesbare teks/digitale skerm.✓
- 'n Alarm wat die einde wat die siklus/program aandui. ✓
- Verskillende programme/siklusse: kort siklus, slegs spoelsiklus ens.✓
- Vlekvryestaalbinnedrom wat nie sal roes nie. ✓
- Vertraging-tydklokkie✓
- 180°-deuropening/deure aan sykant geheg✓
- 15 cm bokant die vloeroppervlak vir maklike toegang. ✓
- 'n Duidelike instruksiehandleiding met beskrywings en sketse. ✓
- Veiligheidsmeganisme sodat kinders nie die deur kan oopmaak nie.

(Enige 4)

LET WEL: Merk slegs eerste vier antwoorde

*Onthou matig* (V137, S p 157) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PUBLIC EXAMINATIONS

5.3 Noem TWEE verantwoordelikhede van die verbruiker:

5.3.1 Wanneer 'n nuutgekoopte huishoudelike toestel afgelewer word.

- Maak seker dat die vervaardiger die instruksiehandleiding ingesluit het.✓
- Inspekteer die toestel noukeurig tydens aflewering vir moontlike defek.✓
- Teken die aflewering strokie.✓
- Raak ontslae van die verpakkingsmateriaal op 'n omgewingsvriendelike manier.✓

(Enige 2) (2)

5.3.2 Nadat 'n nuutgekoopte toestel afgelewer is.

- Lees die instruksiehandleiding en volg die gebruiksaanwysings noukeurig.✓
- Voltooi die registrasiekaart/waarborg en stuur dit terug na die vervaardiger.✓
- Bêre die kwitansie, waarborg en instruksiehandleiding op 'n veilige plek. ✓
- Volg die korrekte prosedure om te kla indien jy nie tevrede is nie. ✓
- Maak seker die toestel werk. ✓

(Enige 2)

*Verstaan matig* V p 150, S p 161 (2)

5.4 Vergelyk die onderstaande transaksies deur die tabel in jou ANTWOORDEBOEK te voltooi:

| TRANSAKSIE | TYDPERK VAN BETALING | EKSTRA KOSTE |
|---|---|---|
| 5.4.1 Huurkoop | 6-36 maande✓<br>**Let wel:** Nie vir oor 'n tydperk nie. Enige tydperk binne 6-36 maande aanvaarbaar (1) | Deposito/admin.-fooie versekering/ rente/ bankkoste ✓ (1) |
| 5 4.2 Kontant by aflewering | Betaal wanneer dit afgelewer word/betaal op een slag✓ (1) | Geen/afleweringskoste indien van toepassing. ✓ (1) |

*Verstaan maklik* (V p 148, S p 162) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

5.5 Evalueer die impak van die gebruik van 'n elektriese tuimeldroër op die finansies van 'n gesin van vyf en die omgewing:

**Positiewe stelling:**
Geld/elektrisiteit word bespaar✓ as laer temperature geskik vir die tekstielstof gebruik word, ✓ en die koolstofspoor is kleiner.✓*
Minder/geen strykwerk nodig as 'n tuimeldroër gebruik word nie✓, dus word elektrisiteitsgebruik✓ en geld bespaar✓ en die koolstofspoor verminder. ✓*
**LET WEL:*** 'n Punt vir koolstofspoor mag slegs EEN keer toegeken word.

**Negatiewe stelling:**
'n Gesin van vyf sal baie wasgoed hê, ✓ meer elektrisiteit ✓en geld gebruik, ✓ koolstofspoor vergroot. ✓Fossielbrandstowwe word gebruik om elektrisiteit te op te wek✓en dit stel skadelike gasse in die atmosfeer.✓

(Enige 6)

**Gevolgtrekking:**
**Positiewe stelling:**
Indien die tuimeldroër oordeelkundig gebruik word, sal die finansiële en omgewingsimpak minimaal wees/verminder word. ✓

**OF**

**Negatiewe stelling:**
Onverantwoordelike gebruik sal die elektrisiteitsgebruik verhoog en 'n negatiewe impak op die omgewing en die gesin se finansies hê. ✓Die groot hoeveelheid wasgoed sal ook die elektrisiteitsgebruik en koste verhoog en 'n negatiewe impak op die omgewing hê.✓ (8)
*Analiseer, moeilik* (V p 133, S p 159) (Enige 2) **[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

6.1.1 Teikenmark:

- 'n (Spesifieke groep) mense✓, met dieselfde behoeftes en belange,✓ wat die produk/diens sal koop✓en wat gewillig sal wees om die prys te betaal vir die produk/ diens.✓ (Enige 2) (2)

6.1.2 Winsopslag

- Die bedrag/persentasie wat by die kosprys van goedere gevoeg word✓
- Om die oorhoofse koste/uitgawes✓ te dek en nog 'n profyt te wys ✓

(Enige 2) (2)

*Onthou, maklik* (V p 20, 34, 37, S p 11, 39)

6.2 6.2.1 DRIE voordele van die opleiding van ongeskoolde werkers.

- Verbeter die kwaliteit van werk/kan onafhanklik werk✓
- Verminder vermorsing ✓
- Verbeter die werknemers se moraal✓
- Werknemers leer nuwe vaardighede✓
- Verkry nuwe kennis✓
- Onderhoudskoste en herstelwerk van apparaat verminder✓
- Verhoog motivering✓
- Meer werkstevredenheid✓
- Verhoog produktiwiteit✓

*Onthou, maklik* (V p 25, S p 26) (Enige 3) (3)

6.2.2 Hoe Lea aan elk van die ander P's in die bemarkingstrategie/-samestelling voldoen

- Promosie: ✓Die entrepreneur het voorbeelde na winkeleienaars geneem✓interessante/ professionele/ verpakking/ etikette.✓
- Prys: ✓ Een van die produkte verkoop teen R30,00/redelike prys.✓
- Plek: ✓ Sy verkoop die produkte aan winkels in die area/sy maak die produkte tuis. ✓
- Persone: ✓ Winkeleienaars✓/Persone wat by die plaaslike winkels koop.✓

(4x2)

**LET WEL**: Produk is in die vraag gevra en moenie aanvaar word nie.

*Toepassing, maklik* (V p 29, S p 28-33) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

6.2.3 Verduidelik hoe gereelde/roetine-onderhoud van toerusting tot voordeel van die besigheid sal wees.

- Verhoed onverwagte onderbrekings ✓ tydens produksie
- Verseker aaneenlopende produksievloei✓
- Verminder herstelwerk en ongeskeduleerde onderhoud✓
- Die besigheid sal nie deurgaans bedryf kan word ✓as die gereedskap stukkend is nie
- Verhoed verlies aan inkomste✓
- Die raklewe van die toerusting sal verleng word. ✓

(Enige 3) (3)

*Verstaan, matig* (V p 25, S p 25)

6.2.4 Identifiseer VYF faktore wat sal bydra tot die sukses van die besigheid

- Lea is passievol✓ oor wat sy doen/omtrent die besigheid✓
- Sy het aanhou eksperimenteer totdat sy die korrekte produk gevind het✓
- Gebruik goeie kwaliteit grondstowwe✓/verseker goeie kwaliteit produkte
- Het professionele hulp/spesialis gekry met die ontwerp van die etiket✓/voldoen aan die industrie se standaarde
- Het seker gemaak dat die werkplek/plek van produksie/fabriek aan wettige gesondheidsvereistes✓voldoen/inspeksie deur gesondheidsinspekteur
- Bemark die produk deur voorbeelde aan winkeleienaars te gee,✓ groei
- Is goed ingelig oor die huur/in diens neem van personeel ✓
- Goeie boekhoustelsel/beheer finansies/voorraad noukeurig✓
- Aanvaarbare/regte/nie te duur verkoopprys✓
- Aanvangskoste is laag✓
- Voldoende werkplek/ruimte/binnehof omskep✓
- Het 'n verskeidenheid produkte wat verbruikers in belangstel geproduseer✓
- Verpakking vind byval by verbruikers✓/aantreklik/korrekte vorm/deursigtig/plastieksakkies.
- Produkreeks is uitgebrei/jaarlikse nuwe produkte/die besigheid groei✓
- Deurgaans goeie kwaliteit produkte✓
- Sy gebruik die kennis en vaardighede van Verbruikerstudies wat sy op skool geleer het.✓ (5)

(Enige 5)

*Verstaan, matig* (verwys na gevalle studie, V p 7, 15, S p10)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

6.2.5 Een produk verkoop vir R30,00. Die produksiekoste vir hierdie produk is R12,00.

(a) Bereken die wins/profyt wat die entrepreneur op een produk maak. Toon ALLE berekeninge.

Profyt = verkoopprys – produksiekoste
= R30,00✓ – R12,00✓
= R18,00✓

*Toepassing, maklik* (V p 36-37, S p 38) (3)

(b) Die entrepreneur se totale inkomste uit verkope is R60 000,00 per maand. As die entrepreneur 60% wins maak, bereken hoeveel wins per maand gemaak word. Toon ALLE berekeninge.

R60 00000✓ x 60%/$\frac{60}{100}$✓
= R36 000.00✓

**OF**

R 60 000.00✓x 40%/$\frac{40}{100}$✓ = R24 000.00
60 000.00 - R 24 000.00
=R 36 000.00✓ (3)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**LET WEL:** Die monetêre waarde (R) moet in die finale aangedui word om 'n punt te verdien.

*Toepassing, matig* (V p 38, S p 38)

6.2.6 Dit is baie moontlik dat hierdie besigheid sal aanhou om 'n volhoubare wins/profyt te maak. Gee DRIE redes ter ondersteuning van hierdie stelling.

- Die besigheid produseer 'n verskeidenheid produkte/wyer mark/ ✓
- Sy ontwikkel gedurig nuwe produkte/hou tred met moderne tendense.✓
- 'n Groeiende behoefte vir die produkte/mense stel belang in die produk.✓
- Sy verkoop die produkte aan gevestigde winkels.✓
- Sy het 'n goeie boekhoustelsel.✓

*Toepassing, matig (verwys na gevalle studie, V p 36, S p 34)* (Enige 3) (3)

Kopiereg voorbehou

6.3 Bestudeer die inligting hieronder en voorspel waarom Desember 2013 die beste verkoopscenario sal wees.

- Die besigheid het sy verkoopteiken✓ en die verkoopsdoelwit bereik.✓
- Hulle het meer/al die produkte in Desember verkoop. ✓
- Tydens Januarie het die besigheid slegs R3 330.00 gemaak wat nie genoeg is✓om te betaal vir die volgende maand se uitgawes nie.✓
- Tydens Desember het mense meer geld gehad om te spandeer (Kersfeesbonusse) ✓dus het hulle elke dag 'n wins gemaak.✓
- Desember is die koop seisoen/mense het meer tyd om te koop omdat hulle met vakansie is. ✓
- Mense koop geskenke/lekkernye vir Kersfees in Desember✓ wat die aanvraag vir die produkte sal verhoog. ✓
- Tydens Januarie het mense minder geld gehad (oorspandering in Desember/betaal skoolfonds/skool klere/benodighede)✓ produkte is nie verkoop nie, gevolglik 'n verlies. ✓ (Enige 8) (8)

*Evaluering, moeilik* (V p 20, S p 29)

**[40]**

**TOTAAL: 200**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 30
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS